Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2012

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*RLSDM1*

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: (VRAAG 1) is VERPLIGTEND.

3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming met die puntetoekenning by elke vraag wees.

5. Antwoord elke vraag op ʼn nuwe bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Definieer die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

1.1.1 Nomadies (2)

1.1.2 Aanbidders (2)

1.1.3 Fundamentalisme (2)

1.1.4 Dialoog (2)

1.1.5 Sinagoge (2)

1.2 Kies die korrekte antwoord uit die VIER moontlike antwoorde. Skryf slegs die letters (A – D) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die antwoordeboek, bv. 1.2.1 B.

1.2.1 Hy/sy is ŉ geestelike leier wat mense genees deur die voorvaders te raadpleeg.

A Priester
B Pastoor
C Sangoma
D Inyanga (2)

1.2.2 Hy het godsdiens, 'die opium' van die volk' genoem.

A Hans Mol
B Karl Marx
C Durkheim
D Heraclitus (2)

1.2.3 Dit is ŉ storie wat gebaseer is op werklike gebeure wat plaasgevind het.

A Verhaal
B Mite
C Ritueel
D Gebed (2)

1.2.4 ŉ Tipe gewyde storie, hoofsaaklik oor die oorsprong of einde van tye.

A Ritueel
B Teorie
C Simbool
D Mite (2)

1.2.5 Dit verwys na die diepte van iemand se verhouding met of konneksie met God, of ŉ hoër mag.

A Aanbidding
B Gebed
C Spiritualiteit
D Geloof (2)

1.3 Kies die persoon in KOLOM B wat pas by die godsdiens in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die antwoordeboek, bv. 1.3.1 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Afrika Tradisionele Godsdiens | A | Baha'u'llah |
| 1.3.2 | Christendom | B | Siddarta Gautama |
| 1.3.3 | Islam | C | Sangoma |
| 1.3.4 | Bahai'i' geloof | D | Jesus van Nasaret |
| 1.3.5 | Boeddhisme | E | Mohammed |

(5 x 2) (10)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'vals' langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) in die antwoordeboek.

1.4.1 Teokrasie is ŉ vorm van regering waar daar ŉ verhouding tussen een spesifieke godsdiens en die regering is. (2)

1.4.2 ŉ Sekulêre staat is ŉ staat wat nie gebonde tot enige spesifieke godsdiens is nie. (2)

1.4.3 ŉ Staatsgodsdiens is waar EEN godsdiens erken word as die amptelike godsdiens van die land en deur die regering ondersteun word. (2)

1.4.4 Dr. Allen Boesak was ŉ voormalige president van die Wêreldraad van Kerke. (2)

1.4.5 Aartsbiskop Desmond Tutu het die Nobelprys vir Vrede gewen vir sy rol in die stryd teen apartheid. (2)

1.5 Noem:

1.5.1 Enige TWEE ontspanningsaktiwiteite wat jy dink religieë teen gekant is. (4)

1.5.2 Enige DRIE sendinggodsdienste. (6)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord slegs TWEE uit die vier vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Inheemse Amerikaners**

Voordat tabak- en mielie boerdery ingebring was in Noord Amerika (3000 – 2000 BCE), het inheemse Amerikaners jagter-versamelaar godsdiens beoefen. Dit beteken dat baie van die rituele rondom jag gesentreer het. Inheemse Amerikaners het geglo dat diere, net soos mense, magtige en geestelike wesens is. Om hierdie rede het hulle rituele beoefen om respek vir die diere wat doodgemaak is te toon en om die spesifieke gees wat die ‘meester’ van die dier was, te kalmeer. Byvoorbeeld, nadat hulle ŉ beer doodgemaak en geëet het, het hulle die bene ŉ rituele begrafnis gegee en die kop aan ŉ boom vasgemaak om hul dankbaarheid aan die gees van die beer te wys. Hulle het geglo dat, deur hierdie ritueel te beoefen, die beer altyd weer sal terugkeer om gejag te word en hulle nie weer honger sal ly nie.

Soos sommige gemeenskappe van ŉ jagter versamelaar na ŉ boerdery manier van lewe verander het, het baie hul godsdienstige praktyke verander. Byvoorbeeld, rituele wat met boerdery verband hou het die rituele wat verband hou met jag vervang. Tempels en altare was vir verskeie deïste gebou en spesiale rituele was uitgevoer gedurende oeste, saai en planttye sodat daar altyd baie oeste en voedsel sal wees. Soos die mense meer afhanklik van boerdery vir voedsel geword het, het hierdie rituele ŉ belangrike kenmerk van hul godsdiens geword en die priesters wat verantwoordelik was om die rituele te lei het ŉ spesiale plek in die gemeenskap beklee.

[Bron: *Focus on Religion Studies*, Donne *et al,* bl. 11]

2.1.1 Godsdiens is nie staties nie, maar dinamies (verander). Stem jy saam met hierdie stelling met betrekking tot die inheemse Amerikaners se godsdiens? Motiveer jou antwoord. (4)

2.1.2 Definieer die volgende:

(a) Rituele (2)

(b) Deïste (2)

2.1.3 Volgens die inheemse Amerikaners is daar ŉ ooreenkoms tussen diere en mense. Wat is die ooreenkoms? (2)

2.1.4 Noem enige TWEE veranderinge in die godsdiens van die inheemse Amerikaanse gemeenskap. (4)

2.1.5 Wie was verantwoordelik om die rituele te lei? (2)

2.2 Noem enige TWEE nie-sendinggodsdienste. (4)

2.3 Verduidelik kortliks elk van die volgende konsepte soos toegepas deur godsdiens:

2.3.1 Missie (6)

2.3.2 Evangelisme (6)

2.3.3 Proselitisasie (6)

2.3.4 Kolonialisme (6)

2.3.5 Ekumenisme (6)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 "'n Simbool is 'n objek, prent, woord of aksie wat gebeure, abstrakte idees en geloof werklik maak."

Verduidelik kortliks die belangrikheid van simbole in godsdiens. (10)

3.2 Verduidelik krities die verskil tussen die volgende konsepte in godsdiens:

- Aanbidding
- Gebed
- Meditasie (10)

3.3 Bespreek kortliks die betekenis van die term 'inter-godsdienstige dialoog'. (10)

3.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Mites verwys na stories, na verhale wat help om te verstaan hoe die wêreld werk. Hoe dink ons oor entiteite, magte, wesens, liggame? Hoe dink ons oor wat ook al 'daar buite' is, dat ons of nie kan sien of nie kan voel maar wat, op ŉ manier weet of dink of ervaar ons om daar buite te wees? Hoe praat ons oor sulke dinge wanneer ons nie die taal, die woorde, vir sulke diep dinge het nie?
>
> Ons het dus stories oor hoe die wêreld begin het, stories oor die eerste mense, stories oor die eerste kinders, ensovoorts. Ons het selfs stories oor mense van lank gelede wat gewoonlik saam met die gode en met diere gewerk het – of oor diere wat soos mense kon praat, ensovoorts.
>
> [Bron uit Kwenda, C. *et al,* 1997: *African Religion and Culture Alive, Cape Town*: Collegium, ble. 23 – 25]

3.4.1 Beskryf die verskil tussen ŉ *mite* en ŉ *verhaal*. (10)

3.4.2 Waarom sluit mites soms diere wat kan praat in? Gee TWEE redes. (4)

3.5 Noem DRIE sosiale rolle van rituele. (6)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Op die ouderdom van 13 jaar word daar van ŉ Joodse seun verwag om Bar Mitzvah te word. Dit beteken letterlik 'seun van die gebod'. Hy word as oud genoeg geag om die verantwoordelikheid om die gebod te observeer, op te neem. Die gebod word gemerk deur ŉ seremonie in die sinagoge op die Sabbat na sy 13$^{de}$ verjaarsdag. Van die seun word verwag om ŉ passasie uit die Tora gedurende die diens te lees wat as ŉ groot voorreg en eer beskou word.
>
> Nie alle Joodse seuns leer Hebreeus as ŉ deel van die kursus nie, en hulle moet ŉ groot poging aanwend om die gedeelte uit die Torah in Hebreeus te memoriseer en te verstaan. Hiervandaan word hy as lid van die sinagoge gesien en mag hy getuig voor die godsdienshof. Naasbestaandes en vriende word na die sinagoge genooi vir die geleentheid. Daar is gewoonlik ŉ viering by die huis na die seremonie en die seun ontvang geskenke van naasbestaandes en familie.
>
> Alhoewel daar van ŉ jong meisie verwag word om die verpligtinge van die wet op te neem, is daar geen seremonie om dit te vier in die Ortodokse tradisie nie. In die Gereformeerde tradisie van Judaïsme is daar egter ŉ ritueel vir meisies ingestel.
>
> [Bron: *Religie Studies Graad 11*, Steyn *et al*. bl. 97]

4.1.1 Verduidelik kortliks die konsep *ritueel*. (6)

4.1.2 Wat is die betekenis van *Bar Mitzvah*? (2)

4.1.3 In watter godsdiens word hierdie ritueel beoefen? (2)

4.1.4 Noem die naam van die heilige boek van dié godsdiens. (2)

4.1.5 In watter plek aanbid die volgelinge van hierdie godsdiens? (2)

4.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Die idee om godsdiens van die staat te skei het sedert die antieke tye in Indië bestaan. Binne die godsdiens van Hindoeïsme was daar altyd ŉ tradisie om die rol van die leiers en die priesters apart te sien. Die verhouding tussen godsdiens en staat in antieke Indië en die tendens van Hindoeïsme om verdraagsaam teenoor ander gelowe te wees is sommige van die redes waarom Indië vandag ŉ sekulêre staat is. Volgens die Indiese grondwet het die staat geen amptelike godsdiens nie, en die regte van al sy burgers om hul eie godsdiens sonder enige diskriminasie te beoefen, word beskerm.
>
> [Bron: *Focus on Religion Studies Grade 11*, Donne *et al* bl. 63]

4.2.1 Is Indië ŉ sekulêre-, of ŉ teokratiese staat? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (4)

4.2.2 Wat is ŉ ateïstiese staat? Noem EEN land as ŉ voorbeeld. (4)

4.2.3 Definieer godsdiensvryheid en dui aan hoedat dit in jou skool toegepas kan word. (6)

4.2.4 Wat verstaan jy onder *diskriminasie* in ŉ godsdienstige konteks? (2)

4.3 Lees die volgende gebed en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Onse Vader wat in die hemel is,
> Laat U naam geheilig word;
> Laat U koninkryk kom;
> Laat U wil geskied
> Op die aarde net soos in die hemel.
> Gee ons vandag ons daaglikse brood;
> En vergeef ons ons oortredinge
> Soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree het;
> En lei ons nie in versoekings nie,
> Maar verlos ons van die bose.
> Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en
> die heerlikheid, tot in ewigheid, Amen.
>
> [Matteus 6:9 – 13]

4.3.1 Identifiseer TWEE van elk van die volgende in die gebed:

(a) Prys God (4)

(b) Vra vir hulp (4)

4.3.2 Wat begeer die persoon? (2)

4.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> "Een van die mees dreigende kwessies in Suid-Afrika vandag is die HIV/Vigs-pandemie wat die lewens van baie Suid-Afrikaners eis. In Mei 2003 het godsdiens leiers en organisasies ontmoet om maniere te bespreek oor hoe om die probleem van HIV/Vigs te adresseer. Dit het plaasgevind tydens die eerste Konferensie van die Suider-Afrikaanse streek van die Afrika-Forum in samewerking met die Wêreld Konferensie van Godsdiens en Vrede.
>
> [Bron: *Focus on Religion Studies*, Donne *et al*. bl. 71]

4.4.1 Bespreek kortliks hoe godsdienstige gemeenskappe en organisasies mense met HIV/Vigs kan help. (10)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Die Hindoe vuurloop-fees is gebaseer op die storie van ʼn Hindoe-godin, Draupadi, die moeder van vuur. Sy was deur die Tamil setlaars na Suid-Afrika gebring in die 19de eeu. Sy was die dogter van ʼn koning, uit vuur gebore. Sy was met vyf broers getroud maar haar familie was gemartel deur invallende vyande wat hulle na ballingskap gestuur het. Eendag het die vyande haar aan haar hare getrek en die koning het probeer om haar klere van haar af te trek om haar te verlei. ʼn Wonderwerk het haar gered toe haar sari ʼn eindelose kledingstuk geword het wat nie verwyder kon word nie. Sy het belowe dat sy nooit haar hare sou vasbind alvorens sy dit in die bloed van haar vyande gewas het nie. Sy was uiteindelik gewreek.
>
> Sy het dan haar getrouheid en reinheid gedemonstreer deur op vuur te loop, en dit het haar ʼn magtige moedergodin binne die Hindoe geloof gemaak. Vandag imiteer haar volgelinge haar getrouheid deur op vuur te loop. Elke jaar kulmineer die vieringe in ʼn vuurloop-seremonie wanneer aanbidders kaalvoet deur ʼn put warm kole loop wat ʼn simbool van hergeboorte is.
>
> [Bron: *Focus on Religion Studies*, Donne *et al* bl. 77]

5.1.1 Wat het die godin magtig binne die Hindoe geloof gemaak? (2)

5.1.2 Gee DRIE redes waarom die storie ons vertel van die waarde van vroue in die Hindoe geloof. (6)

5.1.3 Wat word jaarliks gedoen om die heldhaftige daad van die godin Draupadi te vier? (2)

5.2 Bespreek kortliks hoe die natuurlike omgewing godsdiens beïnvloed, met spesifieke verwysing na die Christelike geloof. (10)

5.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> "Ons sien dikwels werk as iets wat ons moet doen – wanneer ons besig gehou word met ŉ doel, soos om iets te maak, ŉ les te leer of om geld te verdien. Ontspanning aan die ander kant, is vrye tyd, wanneer ons doen waarvan ons hou, so stadig as wat wil, of selfs niks doen nie. Ons gebruik dikwels ons ontspanningstyd vir vermaaklikheidsaktiwiteite – dinge wat ons ons laat geniet, dinge wat vermaak, verfris of laat ontspan.
>
> [Bron: *Focus on Religion Studies*, Donne *et al*. bl. 83]

5.3.1 Skryf TWEE ontspanningsaktiwiteite neer wat jy dink die meeste godsdienste te gunste van is en TWEE ontspanningsaktiwiteite wat jy dink die meeste godsdienste gekant teen is. (8)

5.3.2 Definieer die verskil tussen ontspanningsaktiwiteite wat godsdienste ondersteun en daardie wat hulle veroordeel. (4)

5.3.3 Gee ŉ opsomming van die belangrikste redes waarom godsdienste blykbaar teen ontspanningsaktiwiteite is wat dwelms, alkohol en dobbel insluit. (8)

5.4 Jy word gevra om gestruktureerde onderhoude oor geslag kwessies met seuns en dogters tussen die ouderdom van 14 en 17 jaar oud in ŉ plattelandse gemeenskap te doen.

5.4.1 Noem die presiese onderwerp wat jy beoog om op te fokus. (2)

5.4.2 Noem TWEE tipes ondersoek metodes wat jy beoog om te gebruik. (4)

5.4.3 Wat is die verskil tussen gestruktureerde- en ongestruktureerde onderhoude? (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**